# RAKER

Respek / Respect · Authentic / Oorspronklik · Kreatief / Creative · Kommunikasie / Communication · Entoesiasme / Enthusiastic · Responsibility / Verantwoordelikheid

> Moenie probeer om beter as ander te wees nie, maar probeer om beter te wees as wat jy was.

## Uit die Hoof se Kantoor

Baie dankie vir almal se ondersteuning tydens Augustus ondersteunersmaand. Ons is baie dankbaar vir iedereen wat tot dusver gehelp het om dit moontlik te maak om vir Nathan 'n mobiele bromponie te kon koop. Ons sien met groot opgewondenheid uit daarna om hom weer in aksie te sien.

Hartlik welkom aan juffrou Marika Gräter wat by die grondslagfase aansluit. Baie welkom ook aan Melissa du Plessis en Charlize du Plessis wat onlangs by die nasorgsentrumpersoneel aangesluit het. Ons sien daarna uit om die pad saam met hierdie drie dames te loop.

Daar is nog kaartjies beskikbaar vir die gesamentlike kultuur-optredes wat op 9 Augustus by die Pretoria Staatsteater, plaasvind. Kom ondersteun gerus die Midstream skole by dié spoggeleentheid. Klik asseblief op die onderstaande skakel vir besprekings:

BESPREKINGS

## INLIGTING

### MIDSTREAM ATLETIEKKLUB

Die Atletiek-voorseisoen het amptelik begin. Druk asseblief op die onderstaande skakel vir direkte toegang tot die *Midstream Athletics Club* se webwerf. Alle inlingting rakende afrigters, oefentye, kostes en items aangebied, sal op die webwerf gevind word. Registrasie word direk op die webwerf gedoen: **www.midstreamclub.co.za**
Enige addisionele navrae kan aan admin@midstreamclub.co.za, gerig word. Sien julle daar!

### MMC - KOM HELP ONS OM KOSPAKKIES TE MAAK

Op Saterdag, 12 Augustus, bied *Midstream Methodist Church* van 08:30 tot 11:30, 'n geleentheid aan vrywilligers om te help om kospakkies vir behoeftiges te pak. Registreer asb. op die onderstaande skakel indien u die geleentheid wil bywoon:


**MMC Registrasieskakel**



# AUGUSTUS IS ONDERSTEUNERSMAAND




Ten spyte van die koue weer, heers daar 'n opgewekte atmosfeer by *Midstream Ridge Laerskool* op Woensdae. Leerders en onderwysers geniet hierdie dae waarop hul ter ondersteuning van 'n spesifieke span/sport mag aantrek. Daar is nog 4 Woensdae oor waarop ons ons land en sport kan ondersteun.




**Donderdag, 10 Augustus ~ Musiekdag**


"Dress to the Beat of your favourite Musician"

Onthou asb:

1. Geen mini-rokkies word toegelaat nie, tensy dit met "leggings" gedra word.
2. Hare mag nie gekleur word nie.
3. GEEN los hare word toegelaat nie.
4. Pruike word wel toegelaat.

Dis belangrik dat leerders hul klasse met gemak kan bywoon. Kleredrag moet dus nie leerders se aandag beïnvloed nie.

Daar is groot pryse op die spel!



## *Wees die Lig* Konsert, 'n Skouspelagtige aand van musiek!

*Wees Die Lig*-konsert was 'n magiese geleentheid, waartydens ons Senior en Junior Kore saam met die ongelooflike talente van *Natalie Rungan* en *Joshua na die Reën* op die verhoog opgetree het. Van betowerende vertolkings van *Colours of the Wind* tot *Something Just Like This*, het die optrede die gehoor in verwondering gelaat. Die harmonieuse mengsel van stemme het 'n onvergeetlike ervaring geskep en 'n blywende gloed in die harte van almal wat dit bygewoon het, gelaat.







**!!!Vinnig! Vinnig! Vinnig!!!**

Fase 1 van die SpringFest-kaartjies is reeds 50% uitverkoop. Kry jou kaartjies nou, voor Fase 2, om die beste pryse te kry. Dit gebeur alles op 9 September. Moet dit nie misloop nie!








# AL GEHOOR VAN DIE IPL??

6

Nou bied die drie Midstream skole hulle eie *T20 Smash*-reeks, met interessante reëls, aan. Kom ondersteun gerus die Wolves, Huskies, Rhinos en Foxes tydens hul wedstryde.

4



6




| SPAN | DATUM | PLEK | TYD |
|---|---|---|---|
| **o.10 B** | **04 Augustus 2023** | **@ L/s Rooihuiskraal** | **14:00 – 18:00** |
| **o.11 B** | **04 Augustus 2023** | **@ MRP vs L/s Rooihuiskraal** | **14:00 – 18:00** |
| ***T20 Midstream Smash*** | **04 Augustus 2023** | **Rhinos vs Wolves @ MC** | **18:00 – 22:00** |
| ***T20 Midstream Smash*** | **04 Augustus 2023** | **Huskies vs Foxes @ MRP** | **18:00 – 22:00** |
| **o.9 A** | **07 Augustus 2023** | **@ L/s Menlopark** | **14:00 – 18:00** |
| **o.13 B** | **08 Augustus 2023** | **@ L/s Menlopark** | **14:00 – 18:00** |
| **o.13 A** | **08 Augustus 2023** | **@ L/s Menlopark** | **14:00 – 18:00** |
| **o.12 A** | **08 Augustus 2023** | **@ MRP vs L/s Menlopark** | **14:00 – 18:00** |
| **o.10 A** | **10 Augustus 2023** | **@ MRP vs L/s Menlopark** | **14:00 – 18:00** |
| **o.10 B** | **10 Augustus 2023** | **@ MRP vs L/s Menlopark** | **14:00 – 18:00** |
| **o.11 B** | **10 Augustus 2023** | **@ L/s Menlopark** | **14:00 – 18:00** |
| **o.11 A** | **10 Augustus 2023** | **@ L/s Menlopark** | **14:00 – 18:00** |
| ***T20 Midstream Smash*** | **11 Augustus 2023** | **Foxes vs Wolves @ MC** | **18:00 – 22:00** |
| ***T20 Midstream Smash*** | **11 Augustus 2023** | **Huskies vs Rhinos @ MRP** | **18:00 – 22:00** |
| ***T20 Midstream Smash*** | **17 Augustus 2023** | **Cup Final @ MC** | **18:00 – 22:00** |
| ***T20 Midstream Smash*** | **17 Augustus 2023** | **Plate Final @ MRP** | **18:00 – 22:00** |
| **o.11 *Day/Night*** | **18 Augustus 2023** | **@ L/s Anton van Wouw** | **14:00 – 18:00** |
| **o.13 *Day/Night*** | **18 Augustus 2023** | **@ MRP vs L/s Anton van Wouw** | **14:00 – 18:00** |